**Coert Grobbelaar CV vir GHA**

Coert Grobbelaar het aan Hoërskool President in Ridgeway, Johannesburg gematrikuleer. Daarna het hy sy tersiêre in regsgeleerdheid aan die Randse Afrikaanse Universiteit voortgesit. Nadat hy vir ses jaar in die Suid-Afrikaanse Polisie se regsafdeling werksaam was, het hy na Duitsland vertrek om sy studies in sang voort te sit.

Later het hy weer na Suid-Afrika terug gekeer om sy werksaamhede hier voort te sit. Ter plaatse tee hy steeds as opera tenoor op in operas en konserte. Hy beywer hom ook om die Afrikaanse kunslied te bevorder as sanger en ook as akademikus. Grobbelaar beskik oor twee internasionale sang diplomas wat hy deur Trinity College in Londen vewerf het. Hy beskik ook oor ‘n MMus graad in musikologie wat hy aan die Noordwes-Universiteit in Potchefstroom verwerf het. Tans is hy besig met sy PhD in musiekologie.

Grobbelaar is met verskeie toekennings vereer. Hy het onder andere ‘n Buite Akademiese toekenning vir kultuur van RAU ontvang en van die Kommisaris van polisie ‘n toekenning vir uitstaande diens. Die ATKV Centurion tak het hom vereer vir uitstaande werk wat hy op kultuur gebied doen. Die burgermeesters toekenning van die Sedibeng streek is in 2016 aan hom toegeken.

Coert Grobbelaar is met Christine getroud en die egpaar het twee kinders, naamlik Coert jnr en Ariana.

Grobbelaar beywer hom vir die bewaring van die kulturele erfernis van Afrikaans en kultuur. Hy was op 20 September 2025 verkies tot visevoorsitter van die GHA.